# KWARTAAL 4 VERSLAG 2025

Hierdie kwartaal het ons net 11 skooltjies besoek. Die kleuterskoltjies sê hulle verkies om die nuwe jaar in te gaan met die boeke wat hulle nou het. Dit help die kinders om beter aan te pas na die lang vakansie. Na die skooltjies ons ingelig het van hulle keuse het ons besluit om in die vervolg nie in die 1ste kwartaal Boeke af te lewer nie behalwe as hulle van ons so vra.

Ons het hande gevat met Child Vision. Ons gaan volgende jaar 'n 6 maande kurses bywoon wat hulle aanbied. Gedurende die kurses gaan hulle ons en ander voorskoolse onderwysers leer hoe om die skooltjies as 'n besigheid te hanteer, hoe om met finansies te werk, 'n tuin te begin and hoe om na hoenders te kyk om kinders te voer. Child vision word finansieel ondersteun deur  the Kanyisani Trust. Hulle het 'n 5 jaar kontrak geteken by die URCSA kerk in Cala on die kursus aan te bied.

Gedurende die kwartaal het ons 'n hele paar gradeplegtighede bygewoon. Ons HSP/TIME klassies het gegradueer.








Mense uit die gemeenskap het ons genader om 'n skooltjie the besoek. Oppad na die skooltjies het het lekker verdwaal en ons het vreeslike paaie teëgekom.





Ons is ook besig om van ons kantoor in Cala te trek. Child vision huur nou die grond so ongelukkig moet ons daar uit.  Ons behoort die einde Desember die trek te voltooi. Ons het 'n plekkie in Elliot gekry wat ons kan huur.

Ons is baie dankbaar vir julle donasies en ondersteuning deur die jaar.

Geseënde Kersfees

Nienkie en Anke Grobbelaar